

Dinsdag 2 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 18

Fokusgedeelte: Psalm 18:51 (AFR83)

Dit is God wat die oorwinning gee aan die wat Hom opreg dien

Almal van ons wil graag as dienaars van God gereken word. Dit gebeur nie sommer vanself nie, maar sal staan op twee belangrike dinge. Jy moet in die regte verhouding met die Here leef, en jy moet Hom vanuit daardie verhouding dien. Manne van die Bybel wat as dienaars van die Here bekend was, het in die regte verhouding met God geleef en Hom ook in daardie verhouding gedien. Liefde vir God en vertrouwe in Hom alleen is twee sterk bene om op te staan. Dan sal ons gebede ook gevul wees met die woorde van die Psalm: “my Sterkte, my Rots, my Vesting” ensovoorts.

Ons *Almagtige God* beheers alles op aarde en in die skepping en sal ook so alles gebruik in sy mag tot redding van sy kinders. Hy het die magte van die dood en die hel oorwin deur die dood en opstanding van Jesus Christus. Die vraag is: Is dié magtige God j^óú God? Is jy sy slaaf, of ’n slaaf van die sonde in jou? Baie keer moet ’n mens erken: Jy is nie seker nie. Of jy voel jy bedrieg jouself en vir God. Sy Gees verander jou om soos ’n wenner te leef: “Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: ‘Abba!’ Dit beteken Vader.”

Sing: Psalm 18-1:1, 19, 20

Ds. HM Stavast (Herman) (Piet Retief)